# St. Wilibrord

## 7 November



(658-739)

Hy word vereer as die groot Apostel van die Nederlande. Gebore in die destydse koninkryk van Northumbria (in moderne Engeland) word hy in 692 deur pous Sergius na die gebied van die moderne Nederland gestuur. Hy word biskop gewy en vestig sy bisdomlike setel in Utrecht. Hoewel hy tydens sy lewe baie hard gewerk het om die Christelike geloof in dié gebied te versprei, was daar baie teenkanting en mislukkings en was daar by tye van sy dood nog min vrugte te sien. Hy het egter die fondamente gelê waarop die Kerk in die Nederlande later tot groot hoogtes sou groei.

© Die Oratorium Uitgewery